# 6 Desember 2023 - Lesing 194 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die hernieude kluistering is die motivering van die ongewone openbaringe – 19/4/61

**NO: 7875** Op ongewone manier openbaar Ek Myself aan julle **voor die einde**, deurdat Ek julle kennis laat toekom waaruit julle gevolgtrekkings moet maak. Kennis wat tot nou toe van julle weerhou was, omdat dit nie vir julle sieleheil nodig was nie, omdat daar altyd nog tyd was vir die verandering van julle wese en julle **hierdie verandering ook nog in die ryk hierna ten uitvoer kon bring, ofskoon onder baie moeiliker omstandighede:**

Maar dit was moontlik om gered te word, solank die tyd nie uitgeloop was wat vir julle toegestaan was tot bevryding uit hierdie vorm nie.

Maar nou loop hierdie tyd ten einde en dit beteken vir julle: Of julle terugkeer na My, **of die hernieude weg deur die skeppings van die aarde**. Die kennis van die laasgenoemde is egter tot nou toe van julle weerhou, want dit het maar net aanleiding gegee dat julle onder ‘n sekere dwang deur die aardse lewe gaan. Ek oefen egter geen dwang uit terwille van julle voleinding nie. Maar nou gaan dit om die laaste vrye beslissing van die mens, dit gaan **oor verlossing of hernieude kluistering van die siel,** omdat na die einde van hierdie aarde ‘n **opwaartse ontwikkeling in die geesteryk vir ‘n lang tyd onmoontlik sal wees**.

Want die poorte van daardie ryk gaan solank geslote bly, totdat daar op die nuwe aarde weer ‘n toestand ingetree het waar die mense ook weer onvoltooid van hierdie aarde af sal heengaan en My erbarmende liefde hulle dan weer sal help om hulself in die hiernamaals te ontwikkel.

Maar voordat hierdie verlossingsperiode ten einde sal loop, pas Ek nog alle middele toe om julle te bewaar teen die **verskriklike lot van die hernieude kluistering.** En daarom gee Ek julle mense die kennis welke weg julle vroeër gegaan het, totdat julle julle beliggaming as mens op aarde bereik het.

En daarom is My openbarings ook ongewoon, omdat hierdie kennis by die meeste mense ontbreek. Omdat die lot van die hernieude kluistering egter nou eers vir die mense ‘n dreigende onheil is, omdat die moontlikheid nog altyd tot nou toe bestaan het om hulle in die ryk hierna te voltooi, - as dit op aarde versuim was, was dit ook vir die mense tot nou toe nie nodig dat hulle iets van die vroeër gegane ontwikkelingsgang af weet nie, alhoewel Ek soms tog mense direk kon aanspreek en hulle met hierdie kennis vertroud gemaak het.

Maar nou het die tyd aangebreek waarin die mense in die grootste gevaar verkeer, waarin dit vir hulle egter ook moontlik is om dié gevaar uit die weg te ruim as hulle ernstig ‘n verandering nastrewe. Die kennis van die ontwikkelingsgang, van die hernieude kluistering in die materie, moet hulle aanspoor tot hierdie verandering van wil. En daarom openbaar Ek Myself ongewoon, daarom stuur Ek kennis na die aarde toe wat vir die mense ‘n uitermate seënryke uitwerking kan hê as hulle maar net aandag daaraan sal skenk, as hulle toelaat dat My aanspreking op hulle inwerk, hulle daaroor sal nadink en **daaraan beantwoordend nou ook hulle lewe lei.**

Maar daar is slegs weiniges wat glo wat aan hulle op ongewone wyse vertel word. En tot geloof kan Ek hulle nie dwing nie. Daarom kan Ek ook nie anders as om My deur die **mond van mense** te openbaar nie, want ‘n geloof wat afgedwing word, is waardeloos en bring vir die siel geen vooruitgang nie.

Maar dit is tog ‘n belangrike lig wat aan julle mense geskenk word, **want Ek Self openbaar aan julle My Verlossingsplan van die Ewigheid**. En as julle in dié “Lig” wil wandel, sal julle ook met sekerheid die korrekte weg gaan, want al spreek Ek deur die mond van mense, is dit tog ‘n bewys van My Liefde as Ek My Woord regstreeks na die aarde stuur. Dit is ‘n bewys van My teenwoordigheid of anders gestel:

Julle kan van ‘n buitengewone genadegawe praat as julle oor dinge onderrig word wat vir die verstandelike kennis van ‘n mens ontoeganklik is, wat vir julle dus nie deur die medemens verklaar kan word nie, as Ek nie hierdie mens tenminste Self op buitengewone wyse benader het nie.

Slaan daarom ag op **My ongewone openbaringe**, verwerp dit nie as mensewerk nie. Glo dat slegs My Liefde Haarself aan julle wil openbaar omdat Ek julle wil red voor die einde, omdat Ek vir julle almal die lot van die hernieude kluistering sou wil bespaar.

**Hierdie kluistering is egter onvermydelik as julle nie wil glo nie. Amein**.